Tema: Gelykenis van die arbeiders in die wingerd

Verwelkoming 5 min

Ysbreker: Wat was jou eerste “regte “werk? Wat was jou salaris? 25 min
Watter werk wil jy nooit hê nie?
Watter werk is die hardste/mees uitputtend? Hoekom? Regverdig dit die grootste salaris?

Aanbidding: . 5 min
Gee 2 minute kans vir stilgebed waar elkeen vir hulle werk kan bid, sowel as vir hierdie byeenkoms.
Praat voor dit vir 3 minute oor waarvoor mens kan bid en behoort te bid oor jou werk.

Bybelstudie: Lees Mat 20:1-16. Lees elkeen om die beurt 1 vers. 35 min

- Hoe sou jy reageer as jy teen 06:00 gehuur is?
- Hoe hanteer jy onregverdigheid by die werk?
- Wat sê die gelykenis vir jou oor God en sy koninkryk?
- Hoe voel jy oor bekeerlinge wat dieselfde voordele as jy in die koninkryk kry?
- Sou jy voorstel dat mense wag tot net voordat hulle sterf om tot bekering te kom? Waarom sê jy so?
- Wanneer laas het julle as kleingroep/individu iemand kerk toe genooi?

Dienswerk: 5 min
Wat gaan jy hierdie week by die werk doen vir iemand wat dit oënskynlik nie verdien nie?

Gebedsriglyn: 10 min
Vra vir 4 mense om vanaand te bid. Elkeen bid een van die dele van die gebed. Bespreek voor die tyd waarvoor julle graag wil bid in terme van die volgende:

1. Dankbaarheid: waarvoor is julle dankbaar?
2. Lofprysing: waarvoor wil julle die Here loof?
3. Smeking: wat wil julle vir die Here vra?
4. Voorbidding: vir wie wil julle bid en waarvoor?

Administrasie: 5 min